# WINTERGEREEDHEIDSBYSTAND AAN ORGANISASIES

Die Stad Kaapstad besef dat mense wat in rowwe omstandighede op straat slaap, uitdagings in die gesig staar en ondersteun organisasies sonder winsoogmerk en openbarevoordeelorganisasies deur hul bestaande hulpbronne deur sy program vir wintergereedheid aan te vul.

Hierdie program ondersteun alle kwalifiserende organisasies deur hulpbronne aan te vul om bedkapasiteit gedurende die kwaai wintermaande te vermeerder terwyl dit ook bedryfsteun bied, soos beddegoed, komberse, higiëne-items, kosvoorrade en skoonmaakmateriaal, aan organisasies wat nie net om nog beddens aansoek doen nie.

Dit sal vanaf 4 Mei tot 30 Oktober 2026 gedoen word. Daar sal nie van vennootorganisasies verwag word om enige permanente verblyfplek te skep nie.

Vul asseblief die aansoekvorm in, verkrygbaar by www.capetown.gov.za/readyforwinter, en dien dit teen 31 Maart 2026 by Chantal.Krull@capetown.gov.za in.

**Kriteria**

Die deelnemende organisasie moet:

- As ’n NPO of PBO geregistreer wees
- Bestaande fasiliteite hê om kliënte te akkommodeer en deur ontwikkelingsprogramme hul behoeftes te hanteer
- Aan die vereistes van die bevolkingsertifikaat voldoen (wanneer om groter bedkapasiteit aansoek gedoen word)
- Aan alle gesondheids- en veiligheidsregulasies voldoen, en instem tot terreininspeksies wat die Stad se departemente brandweer en veiligheid, omgewingsgesondheid en gemeenskaps-, kuns- en kultuurontwikkeling sal doen voor goedkeuring toegestaan word
- ’n Goedgekeurde bouplan hê
- ’n Konsepuitleg-/vloerplan indien vir die bykomende bedruimtes waarom aansoek gedoen word
- ’n Sertifikaat van aanvaarbaarheid vir kospersele hê

**LUNGELO MBANDAZAYO**
**STADSBESTUURDER**
**CTA27/2026**

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**